Wanneer ons grond in ons hand hou, weet ons watter soort grond dit is as gevolg van hoe dit voel en lyk.



Sandgrond

Hierdie soort grond voel sanderig en grof. Dit het groot sandkorrels en is lig van kleur.

Klei

Die korrels is baie klein en wanneer jy dit in jou hand vasdruk, kleef die korrels saam. Klei is ligbruin van kleur.

Leemgrond

Leemgrond voel sanderig. Dit is 'n mengsel van sandgrond en klei. Dit is gewoonlik donkerder van kleur as klei en sandgrond. Dit is 'n goeie grond om saad in te saai.

Scanned with CamScanner